# EXCELSUS BULLETIN

*Excelsus Landgoed*
*Your Gateway to International Genetics*

## Excelsus Landgoed "The Event 2008"

### 'N GROOT DAG VIR SUID-AFRIKAANSE SIMBRAS!

1 September 2008

"Die Excelsus "Event" het aan alle Simbra entoesiaste die geleentheid gegee om Excelsus van nader te leer ken. Die Excelsus "Event" was ook 'n platform om Simbra telers byeen te bring en om die ras by kommersiële telers te bevorder.

Die aand voor die "Event" het sewentig gaste by die "Cliffs" bymekaar gekom vir 'n tradisionele spitbraai. Die gasheer en gasvrou was Hennie en Pikkie de Lange en die verrigtinge is geborg deur Molatec, Sernic Voere, Standard Bank, Absa en Voermol.

Die Simbra Rasvereniging is deur Llewellen Angus, ons voormalige Ras President en Ian Currin, ons Ras Tegniese Adviseur verteenwoordig.

Die gaste is deur Hennie de Lange verwelkom, en soos dit hoort, is die aand met gebed ge-open deur Ian Currin.

Hennie de Lange het daarna ons spesiale gaste van Texas verwelkom en Graeme Currin het vir Dick en Sylvia Hornback, Scott en Paula Erickson en Bill en Jane Travis voorgestel. Bill en Jane Travis besit die Pine Ridge Ranch naby Dallas in Texas. In sy toespraak het Bill waardevolle inligting oor die vleisbedryf asook die belangrikheid van vleis kwaliteit in die toekoms uitgelig.

Bill en Jane is pioniers in die teling van Simbra en het een van die mees eenvormige Simbra stoeterye in die wêreld opgebou.

Dick en Sylvia teel ook die Pine Ridge Look" met hulle hoof stoetbul naamlik PRR Pioneer wat ook deur Excelsus gebruik gaan word.

### "The Event Sale" 21 August 2008

- **Spesiale Punte**
- Texans besoek Suid Afrika
- Zorro 'n nuwe SA rekord!
- "The Event" Die oopmaak van nuwe grense vir Simbra SA!
- Mcix en Geno na Top Stoete Toe!

*Binne hierdie Uitgawe*


| | |
|---|---|
| Texans besoek top Stoete | 2 |
| Fasari Simbra Stoet | 2 |
| Eerste Patriot Bul Verkoop | 2 |
| Nuwe en ou Kliente | 3 |
| The Event Foto's | 4 |


### Zamugo Zorro verkoop teen SA Rekord prys!!!!!!

Geluk en baie dankie aan Tito en Desiree Voster van Delft Simbra Stoet Mpumalanga. Tito is die trotse nuwe eienaar van Zorro en het ook die "pick" van Mcix bul kalwers gekoop, naamlik Mcinti. Vir meer inligting gaan na Tito se webtuiste by: www.delftsimbra.co.za.

Zamugo Zorro AZ0442B

# "Braai **verteenwoordig** deur **telers** regoor Suid Afrika "

Die hoogtepunt van die aand was die bekendstelling van die Pine Ridge Ranch van Bill en Jane Travis. Na Bill se toespraak het Bill 'n video gewys wat 'n oorsig oor Pine Ridge gegee het en hierdie uittreksel kan op die Pine Ridge webtuiste te **www.simbrah.com** gesien word, asook al die ander Pine Ridge beeste, embrio skenkers en teelwaardes.

Excelsus is 'n trotse vennoot, vriend en bemarkings agent vir Pine Ridge genetika in Afrika.

Om na al die beskikbare PRR semen te kyk, gaan na **www.excelsuslandgoed.co.za** of kontak ons by **excelsusmc@mweb.co.za**.

'n Wonderlike aand van musiek, goeie kos en interaksie tussen die Simbra telers van die VSA en Texas en van regoor Suid-Afrika is deur almal geniet tot laat.

Pine Ridge semen van die bulle Prevail, Prosper en Pantheon, is teen premium pryse verkoop ten aanskoue van die "Texans". Gelukwense gaan aan die stoet van Fanie Mare, Charles Jonker en Nardus Pieterse vir die aankoop van hierdie gesogte bulle se semen. Charles Jonker en Rienus Steenkamp van Lydenburg het ook semen van die La Muneca bul, Patriot en die Smith Genetic bul, Outlaw aangekoop.

**Texans in Africa!!!!!!**

## Dankie aan alle tellers, borge en organiseerders wat "The Event" bygewoon het en dit so 'n fenominale sukses gemaak het!!!

Die gaste van Texas het daarna na die uitstekende stoetery van Fanie Mare, Llewellen Angus en Foeta Lourens gaan kyk en was beïndruk met die kwaliteit van die beeste en hulle goeie kondisie in hierdie moeilike tyd van die jaar.

Hulle het daarna 'n draai gaan maak in die Kruger Nasionale Park, die Kaap en ook die Victoria Watervalle en Botswana.Die moontlikheid van toekomstige transaksies en samewerkingsooreenkomste is deur die blootstelling van Amerikaanse en Suid-Afrikaanse genetika bevorder.

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om Bill en Jane Travis, twee uitsonderlike mense te bedank vir hulle harde werk en die bevordering van Simbra en hulle toewyding en navorsing. Excelsus sal graag met Pine Ridge kragte wil saamsmee in toekomstige ondernemings waar ons meer van hulle kan leer en die ondervinding wat ons opgedoen het kan toepas ter bevordering van hierdie uitsonderlike ras.

**Thys Meyer, Stefan Van Zyl, Bill en Jane Travis, Dick en Sylvia Hornback, Scott en Paula Erickson en Llwellen Angus by Wisp Will Stoet, Arlington**

# Mcix Nuwe Stoet Faar vir Fasari Simbra's Mafikeng

Riyaaz Hoosen besit die Fasari Simbra Stoet naby Mafikeng en sy stoet gaan van krag tot krag as gevolg van de noukeurige studie van genetika, KI en die aankope van beproefde stoetbulle soos Reinbito Hugo van Fanie Mare en nou Mcix van Excelsus.

Riyaaz sal sy eerste kalwers van Mcix in Oktober 2008 kry, danksy KI en ons wens hom en sy span baie sterkte toe en bedank hom vir al sy ondersteuning.

**Riyaaz Hoosen Mafikeng**

**Excelsus Mcix HDL04112C**

# Eerste Excelsus Patriot geteelde bul verkoop by "The Event 2008"

Geluk en baie dankie aan Fanie Mare vir al sy ondersteuning. Fanie en Jaco Mare is reeds vir baie jare goeie vriende van Excelsus en hulle tel onder die top telers in Suid-Afrika. Fanie is die nuwe eienaar van die F4 geteelde bul, El Guerra, wat saam met Cathy verkoop is.
Cathy en El Guerra is die tipiese Excelsus tipe F4 Simbra met rooi kleur, poenskop en witbles wat struktureel korrek is.
Fanie het ook die eerste kommersieel beskikbare PRR Prevail semen gekoop.

Prevail is geteel deur Bill en Jane Travis en is 'n F4 "Homezygous Poll" en het alles wat nodig is om 'n groot impak op die Suid-Afrkaanse mark te maak.

Fanie Mare

Cathy with El Guerra

**Baie dankie aan al ons borge, naamlik: Molatec, [Johan de Jager], Sernick Feeds, [Kriek van Niekerk], Absa, Standard Bank, en Voermol, [Louis Kleynhans].**

# Top Genetika vir Stoet en kommersiele Telers by Excelsus

Taudicus Geneous is aan Bleka Trust van Danielskuil verkoop en ons dank gaan aan Bles vir die ondersteuning.


Geneous

Ons verwag groot dinge van hierdie uitstekende bul.
Charles Jonker van Klerksdorp het uitstekende diere soos Kelpie asook semen van die Pine Ridge Ranch gekoop.
Die vinnigste manier om 'n uitstekende stoet te bekom is om die beste teel genetika van beproefde lyne te koop en Charles het dit in Disco en Kelpie, twee van ons beste vroulike koeilyne.

Disco

**Excelsus wil ook graag ons ou kliënte soos Danie Roux bedank vir al hulle ondersteuning en die aankoop van Jeru. Dank ook aan die Warden afgevaardiging van Schalk Erasmus, Schalk Burger, Jannie van Niekerk en Leon Becker vir hulle deurlopende ondersteuning en hulle aankope.**

**Volume aankopers maak 'n veiling en spesiale dank gaan aan Tommy Tiebaut en die RossTrevor Trust van Tippie Dormehl vir hulle ondersteuning.**

**Ek hoop die beeste doen goed vir julle en pas goed aan in hulle nuwe omgewing. Dank ook aan al ons nuwe kliënte en aan almal wat na Excelsus toe gekom het om deel van die "Event" te wees.**

**Baie dankie aan almal wie gebie het en aan al daardie telers wat hulle geloof en vertroue in ons Excelsus en Amerikaanse genetika program geplaas het.**

Chest

Jeru

Shus

Prevail

# Excelsus Landgoed "The Event 2008"

**Roodepoortjie Plaas**
**Posbus 60**
**Oranjeville**
**1995**

**Graeme Currin Cell No 0828938147**
**E Mail: excelsusmc@mweb.co.za**
**Web address:**
**www.excelsuslandgoed.co.za**



**Gloria in Excelsus Deo**

**Glory to God in the Highest**
**And peace to his people on Earth**
**Lord God, Heavenly King**
**Almighty God and Father**
**We worship you and give you thanks**
**We praise you for your Glory**

**Lord Jesus Christ, Only son of the Father**
**Lord God, Lamb of God**
**You take away the sin of the World**
**Have Mercy on us**
**You are seated at the right hand of the Father**
**Receive our Prayers**

**For you alone are the Holy One**
**You alone are the Lord**
**You alone are the most high**
**Jesus Christ**
**With the Holy Spirit**

**In the Glory of God the Father**
**Amen**